Gedagte van die dag

"Ouerskap is 'n reis van: liefde, geduld en groei. Mag ons elke dag die geleentheid gebruik om ons kinders te ondersteun, te inspireer, en hulle te help om hulle volle potensiaal te bereik.

Landloop

Op Saterdag 27 April het van ons landlopers deelgeneem aan 'n Mpumalanga-klub byeenkoms by Hoërskool Oosterland.

Baie geluk aan al ons leerders wat deelgeneem het.

Julle het puik presteer.

Eksamenrooster

Gr. 4 – 7 leerders het reeds Donderdag die eksamenrooster ontvang vir kwartaal 2.

Beperk asseblief afwesighede aangesien ons nou besig is met belangrike voorbereiding vir die vraestelle wat ons van die departement ontvang.



Redenaars

Baie geluk aan ons 4 leerders wat op 10 Mei deurdring na die ATKV semi-finale rondte in Witbank. Ons weet sommer dat dit goed sal gaan. Baie sterkte!

Iva Stopforth	-	gr. 3
Markus van den Berg	-	gr. 4
Ziné van den Heever	-	gr. 4
Alandri Bezuidenhout	-	gr. 6

Trompoppies

Die kleuterskool se poppies en die gr. 1 – 7 troep het 1 Mei opgetree by Secunda Oosgemeente se basaar.

Dankie vir almal se ondersteuning. Ons is voorwaar trots op ons meisies se pragtige optrede.

Dankie ook aan ons borg en die dames vir ons nuwe rokkies.

Mini-netbal en Pumaki rugby nuus:

Saterdag 4 Mei vind daar mini-netbal en Pumaki rugby plaas by Laerskool Trichardt.

Baie sterkte aan al ons spelers, afrigters en ondersteuners. Mag dit 'n heerlike dag wees!

Rugby

Baie geluk aan ons rugbyspanne met uitstekende uitslae teen Laerskool Pionier:
o.9 wen 52 – 17
o.10 wen 45 – 12
o.11 verloor 17 – 26
2de span verloor
1ste span wen 47 – 0

Baie dankie aan elke leerder en ouer vir julle ondersteuning gedurende die seisoen.

Vriendelike groete

MNR. J. BOTHMA
HOOF